

EDITORIAL

VAN DIE REDAKSIE

The Medical Research Council

The report for 1973 of the Medical Research Council has just been published and it makes interesting and heartening reading. Since its inception in 1969 this Council has made remarkable progress and the President, Professor Andries Brink, correctly states in his report, 'During the course of this year (1973) final confirmation was obtained that the original directions of Council policies as formulated at the inception, are in fact realistic and possible.' This is a pleasing thought, for all too often it happens that grandiose ideas peter out because unforeseen practical problems beset their development and necessitate a deviation from the original course. It stands to the credit of those responsible for the inauguration of this Council that their homework was so thoroughly done that the President can, after a period of four years only, make such a definite statement.

The 1973 report of the MRC mentions the establishment of research units and groups such as the Liver Research Group at the University of Cape Town, and the Research Unit for the Design of Catecholaminergic Drugs at the University of Potchefstroom for CHE, and also provides continuation reports on the activities of established units such as the Photobiology Research Unit as a division of the Department of Dermatology at the University of Pretoria.

There was never any doubt about the desirability of having such a body as the MRC in South Africa for, with the ever-increasing cost of research facili-

ties, it is imperative that some control should be exercised in order to ensure that there will be no unnecessary overlapping of work and resultant wasteful application of grants. The register of research projects in progress at the moment is an impressive document, and one is a little overawed at the amount of detailed investigation into all the parameters of medical science undertaken in this country. Formerly, these teams were hardly aware of one another's work unless they had had personal contact, or had seen the results in print. Now it is possible for any worker in any field falling within the ambit of the Council to ascertain what is being done in allied subjects throughout the Republic.

The new building for nutritional diseases at Tygerberg is also a step in the right direction, and for the first time the National Research Institute for Nutritional Diseases is housed on its own premises near the parent body, the MRC. We can expect an even livelier output of material from this Institute now that facilities are properly centred and catered for, and it is to be hoped that such output will soon be reflected in the pages of the *Journal*.

The question of money is a perpetual headache, and in this respect the MRC is in exactly the same position as every other similar body. It is of course gratifying to read in the report that the Council received an anonymous donation of R170 000. We hope that this sterling example will set off a chain reaction or a desire, on the part of others, to emulate this.

Verantwoordelikheid

Hoe meet 'n mens verantwoordelikheid? Ons weet almal min of meer wat die begrip behels, maar om dit in munt om te skakel gaan nie so maklik nie. Geneeshere glo, met reg, dat hulle verantwoordelikheid van die hoogste rang is omdat hulle met menselewens te doen het, terwyl staatsmanne weer oortuig is dat hul besluite, wat oorloë kan onketen, veel hoër geskat moet word. Wie is reg? Niemand nie, want daar is verskillende soorte verantwoordelikheid, en om die een teen die ander af te speel het geen sin nie.

Daar is drie kategorieë waarin 'n mens verantwoordelikheid kan onderverdeel: onmiddellike verantwoordelikheid, hetsy om lewe of dood of enige ander belangrike saak; statutêre verantwoordelikheid, wat wel in 'n persoon sentreer maar nie persoonlike betrokkenheid beteken nie; en ten derde die verantwoordelikheid ten opsigte van doelbewuste skade wat berokken kan word voordat die booswig gestrem kan word.

Kom ons neem hulle een vir een in oënskou en probeer hulle in die mediese milieu inpas. Die huisarts daar doer op die platteland, wat niemand het om mee te beraadslaag nie, of die dokter wat laatnag langs 'n pasiënt se bed sit, al is dit in 'n groot stad, moet 'n besluit neem en daar is geen kans vir 'n tweede dinkslag nie. Maak 'n fout deur 'n ampul etielchloried in stede van kaliumchloried raak te vat, en die pasiënt is miskien daarmee heen. Miskien 'n druk pneumotoraks by 'n ongelukstoneel en dit is neusie verby. Die vlieënier in die kajuit van 'n passasiersvliegtuig dra dieselfde onmiddellike verantwoordelikheid, en sy eie lewe is boonop daarby betrokke.

'n Superintendent van 'n hospitaal is statutêr verantwoordelik vir wat in sy inrigting aangaan, maar dit is vanselfsprekend nie vir hom moontlik om alles persoonlik te kontroleer nie. Hy kan wel 'n herrie opskop as iets verkeerd gaan, en deur voortdurend reëls te maak, probeer verseker dat skuiwergate toegestop word, maar hy is nogtans aangewese op die integriteit en vermoë van die personeel in sy hospitaal. Desnieteenstaande is hy statutêr steeds die een wie se kop rol as dinge skeef loop. Die Hoofingenieur van die Spoorweë is in dieselfde posisie. Hy kan nie iedere rytuig self ondersoek nie, maar nogtans is dit hy wat die sertifikaat ten opsigte van veiligheid moet uitreik.

Die derde kategorie is 'n negatiewe een. 'n Huisarts met 'n skroef los kan 'n hele paar dae aanhou praktiseer en links en regs arseen uitdeel of apomorfien inspuit alvorens hy aan bande gelê kan word. Dit is onwaarskynlik dat 'n chirurg met 'n sadistiese neiging sommer met sy eerste intrap in 'n teater vasgevat sal word of dat 'n narkotiseur wat sy lyf gifstroomer wil hou, gekeer sal word voor een of twee pasiënte daarmee heen is. Die staatshoof wat hand-uit ruk en sy kollega in 'n ander land skakel en sy mond verbypraat, is in dieselfde bootjie.

Ons kan nie anders as om sulke verantwoordelikhede op mense te plaas nie, want daarsonder sou ons komplekse samelewing nie moontlik wees nie. Die beste wat ons kan doen, is om sover as wat ons insig strek, te probeer verseker dat die verkeerde persone nie die verantwoordelikhedshef in die hande kry nie, en om regulasies daar te stel wat dit moontlik sal maak om hulle so gou doenlik te verwyder as iets verkeerd loop.